# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *16* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : BEGRIPSTOETSE**

**VRAAG 1**

***TEKS A:*** **TYDSKRIF ARTIKEL**

# Seil deur jou *EERSTE* jaar

## Sowat 40% van eerstejaars wat vanjaar begin swot, gaan ná hul eerste jaar opskop. Kenners gee wenke wat sal help dat jy nie deel van hierdie verdoemende statistiek word nie.

Deur ANET SCHOEMAN

Nuwe vryheid. Partytjies. Koshuislewe. Én harde werk.

'n Eerstejaarstudent staan voor een van die opwindendste en moeilikste jare van sy lewe. Balans is die wagwoord, sê die kenners. Dan kan jy pret hê én suksesvol wees.

Jou eerste studiejaar gee die toon vir die res van jou kursus aan, en as jy goeie gewoontes en dissipline aangeleer het, behoort die res gladweg te verloop.

VERANTWOORDELIKHEID

Natuurlik kan studente pret hê en partytjie hou, sê Peter Kriel, opvoedkundige kenner by die Independent Institute of Education (IIE). Die geheim is die balans en goeie tydsbestuur. Peter meen die skielike en ongekende vryheid kan 'n groot struikelblok wees.

"Dit is dikwels vir die jongmense moeilik om verantwoordelikheid vir hul eie lewe te aanvaar. En dit help nie ouers gooi hierdie tekortkominge voor die skool se deur nie. Die skoolstelsel is daarop gemik om kinders deur die skool te kry met sekere akademiese vereistes. Ouers is verantwoordelik om hulle op te voed en lewensvaardighede te leer. Kinders moet verantwoordelik en onafhanklik wees om suksesvol met hul studies te wees."

BAIE MEER WERK

Baie, baie meer. Dr. Birgit Schreiber, senior direkteur van studentesake aan die Universiteit van Stellenbosch, sê dat die eerstejaars gereeld onkant betrap word deur die werkstempo en lading. "Ek dink nie die uitdaging is dat die studente nie klasse bywoon nie. Oor die algemeen is studente gretig om te studeer en hul bes

**te doen. Soms is dit eerder hul benadering tot studeer wat moet verander, en dat hulle ook die pas en werklading onderskat."**

**Tog bied heelwat universiteite die opsie om 'n verlengde kursus te doen – dus 'n drie jaar graad oor vier jaar. Dit sluit oorbruggingskursusse in die eerste jaar in. Dit help menige student om die groot gaping tussen skool en universiteit te oorbrug. Die kwalifikasie is uiteindelik presies dieselfde en dieselfde werk word gedek, daar word net meer tyd gebruik om die grondslag te lê.**

LEER OM NEE TE Sê

**"Studente kan sukkel om hul nuutgevonde vryheid te bestuur," sê Birgit. "Dis belangrik om jou prioriteite reg te hê. Leer om 'nee' te sê vir vriende as jy werk het, want daar is nie meer ouers of onnies wat jou dophou nie. Studente moet 'n volle agt uur (en meer) per dag vir hul studie opsysit. Dis nie net beperk tot klasbywoning nie, maar sluit ook naleeswerk, verwerking en herhaling in. Studente besef nie altyd die toewyding wat sukses vereis nie."**

**"Ouers moet hul vinger op die pols hou," sê Peter. "Vra gereeld hoe gaan dit en wees spesifiek. Vra hoe toetse en take afgeloop het en maak seker dat studente betyds hulp kry as hulle vasbrand."**

STUDENTE IN KOSHUISE VAAR BETER

**Die meeste instellings bied ook hulp op akademiese vlak aan studente, soos dat senior studente in koshuise as tutors optree. Daar is ook studiegroepe in koshuise vir afsonderlike studie rigtings. Sarita sê eerstejaars in die UJ-koshuise het studietye waar hulle in lokale (of in hul kamer) moet studeer. "Ons sien dat studente in die koshuis suksesvoller is as dié wat privaat bly, al is hulle by die koshuislewe betrokke."**

VAKKE IS VERVELIG

**Soms vergeet studente van die groter prentjie en raak gou verveeld as vakke hulle nie dadelik boei en opwindend is nie. Besef dat jou eerste jaar die basis vir jou studierigting lê en dikwels minder opwindende agtergrondsvakke insluit.**

SOMS VOEL STUDENTE OORWELDIG

**Moenie dat skoolpunte jou intimideer nie. Daar kan studente wees wat al hul vakke met 'n A-gemiddeld geslaag het, maar die toelatingsvereistes is van so 'n aard dat die gemiddelde student wat gekeur word ook suksesvol sal wees. Die geheim is harde werk. En dit geld ook vir die A-kandidaat. Jy kan nie meer soos op skool net in die klas aandag gee en verwag dat jy die werk moet ken nie. Naskoolse kursusse vereis dat jy heelwat ure agter jou lessenaar deurbring. Een lektor het dit die ABC van studeer genoem: "*Apply bum to chair*."**

**Sarita sê studente moenie te gou moed opgee nie. "Dis 'n vasbytjaar. Die werk is baie en dis 'n groot aanpassing, maar as studente van al die beskikbare hulpbronne gebruik maak, sal selfs dié wat nie heeltemal gereed is nie ook suksesvol wees. Dis baie keer die beursstudent met min ondersteuning wat uiters suksesvol is en goed vaar."**

**(Verkort, uit "*rooi rose*", April 2019)**

**LET WEL:**

- **Beantwoord AL die vrae.**
- **Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.**

**1.1 Watter VIER dinge word genoem wat jou eerstejaar sal kan beskryf? (4)**

**1.2 Haal EEN woord aan wat jou, volgens kenners, sal kan help om tegelyketyd pret te hê, maar ook suksesvol te wees. (1)**

**1.3 Haal 'n frase van dertien woorde aan wat vir ons sê dat as jy van die begin van jou tersiêre loopbaan hard werk, jy jou kursus met sukses sal kan voltooi. (1)**

**1.4 Haal 'n sin aan, volgens Peter Kriel, wat sê hoe 'n student pret en partytjies kan hê en nog goeie punte kan behaal. (1)**

**1.5 Wat is Peter Kriel se werkstitel? (1)**

**1.6 Lees die onderstaande sin en kies dan die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

***"Peter meen die skielike en ongekende vryheid kan 'n groot struikelblok wees."***

**'n Groot struikelblok verwys na (iets wat jou kan help/iets wat jou kan keer) om goed te doen. (1)**

**1.7 Pas die woorde in KOLOM B by die persone in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer, bv. 1.7.1 A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Skool | A. Verantwoordelik en onafhanklik. |
| 1.7.2 Ouers | B. Skuldige party. |
| 1.7.3 Kinders | C. Voorsien akademiese vereistes. |
| | D. Voed op en leer lewensvaardighede |

**(3)**

1.8 Hoe beklemtoon dr. Birgit Schreiber dat die tersiêre werk anders as skoolwerk is? (1)

1.9 Waar werk dr. Schreiber? (1)

1.10 Verduidelik wat hulle met 'n "verlengde kursus" bedoel. Noem TWEE feite. (2)

1.11 Wanneer, volgens die teks, behoort jy "NEE" vir jou maats te sê? (1)

1.12 Hoeveel tyd, volgens Birgit, moet jy aan jou studies bestee? (1)

1.13 Noem TWEE dinge wat universiteiskoshuise doen sodat die studente wat daar bly, beter vaar as ander studente. (2)

1.14 Verduidelik waarom jy nie jou kursus moet meet aan die vakke wat jy in jou eerste jaar doen nie? (1)

1.15 Vul die ontbrekende spasies in met gepaste woorde uit die stuk. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

> In jou eerste jaar kan jou vakke 1.15.1___ wees. Jy moet egter nie opgee nie. Hou die 1.15.2___ voor oë. Moet ook nie dat ander studente met A's vir al hulle skoolvakke jou 1.15.3___ nie. (3)

**SPOTPRENT**

**Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**TEKS B: BRANDSTOFVERHOGING**



**1.16 Hoe weet ons die petrolpomp is baie gelukkig om geld by die man te neem? (1)**

**1.17 Gee twee bewyse uit die spotprentjie hoekom ons kan sê die man het groot geskrik. (2)**

**1.18 Waarom is die man se antwoord:"Weer?" (1)**

**1.19 Wat verteenwoordig die spuit deel van die petrolpomp in die spotprent? (1)**

**1.20 Is hierdie spotprent relevant in die tye waarin ons nou in Suid-Afrika leef? Verduidelik. (1)**

**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**Lees die teks hieronder deur en voer die instuksies uit.**

**INSTRUKSIES:**

- **Som die SEWE wenke op oor hoe om kinders beter te laat voel oor hulself.**
- **Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.**
- **Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.**
- **Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.**
- **Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.**

### TEKS C

**DIE ONTWIKKELING VAN 'N GESONDE SELFBEELD, SELFVERTROUE EN SELF GELOOF.**

**Daniel Siegel skryf in sy boek *Brainstorm* die volgende:**

**Gee kinders die geleentheid om te probeer, te eksperimenteer en om foute te maak. Moenie perfeksie verwag nie. Dis meer werd om 70% te kry en te**

**weet ek het dit self gedoen as om 85% te kry en eintlik weet die kind dis sy ma se werk.**

**Fokus op hul talente en sterk punte en help hulle om aktiwiteite te kies wat hierdie talente kan help ontwikkel.**

**Wys hulle hoe om 'n positiewe beeld van hulself te vorm, verkieslik nie wanneer hulle sukkel en gefrustreerd is nie.**

**Wees trots op positiewe dinge en optredes en spog daaroor. Vertel voor hulle vir Pappa, Ouma of ander mense positiewe dinge soos iets wat hulle goed gedoen het, situasies waarin hulle met empatie opgetree het of dat hulle baie hard gewerk het.**

**Moenie voortdurend vir hulle vertel hulle is dié slimste en oulikste kinders in die wêreld nie. Te veel kinders kry 'n onrealistiese beeld van hulle vermoëns en dink dan hulle hoef nie te werk of reg op te tree nie, want hulle is so slim en oulik. Hulle kyk dan neer op hulle maats, die werk en die onderwysers.**

**Moenie hulle of hul gedrag oordeel of beoordeel nie. Leer hulle om dit self te doen deur te vra: "Wat het jy goed gedoen?" "Waarmee is jy tevrede?" Vul aan en gee positiewe terugvoering. Vra dan: "Wat sal jy graag in die toekoms anders wil doen?" Sê dan: "Dalk is daar nog iets wat jy kan probeer." Die kind sal jou dan vra wat dit is. Julle kan dit dan op 'n positiewe manier bespreek.**

**Skep geleenthede vir die kind om gelukkig te wees en dinge te geniet. Vind saam met hom vreugde daarin.**

**(Effens aangepas UIT: *rooi rose,* April 2019)**

**[10]**

TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- **Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

**TEKS D**




(BRON: stevehofmeyr.com)

**3.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A –D) langs die vraagnommer (1.3) neer.**

**Hoe trek die adverteerder jou aandag?**

**Die adverteerder ...**

**A. begin met 'n algemene vraagsin.**
**B. werk met verskillende lettertipes.**
**C. begin met 'n groot getal geld.**
**D. plaas 'n prent van 'n arm vrou.** **(1)**

**3.2 Kies die KORREKTE VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Is jy dalk iemand (wie/wat) graag 'n bydrae wil lewer? (1)**

**3.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**'n Mens voel (baie alleen) as jy so arm is. (1)**

**3.4 Gee die VERKLEINWOORD van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Daar is 'n klein (hand) in die hoek van die advertensie. (1)**

**3.5 Kies die KORREKTE woord en skryf dit dan neer.**

**Ek voel (opwindend/opgewonde) om iemand anders te kan help. (1)**

**3.6 Op wie fokus hierdie advertensie? Haal twee opeenvolgende woorde uit die advertensie aan as antwoord. Wees spesifiek. (1)**

**3.7 Hoeveel sal 'n SMS jou kos? Skryf die bedrag uit in woorde. (1)**

**3.8 Herskryf die volgende sin sodat dit nie NEGATIEF is nie.**

**"Geen statistieke beteken nie geen armoede nie." (1)**

**3.9 Gee twee bewyse uit die advertensie dat die meisie arm is. (2)**

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- **Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksie by elke vraag uit.**

**TEKS E** (BRON: google)




**(RAAMPIE 1)** **(RAAMPIE 2)**

**4.1 Vul die ontbrekende KOMMA op die KORREKTE plek in. Skryf die SIN OOR en verbeter dit dan.**

**Hägar en sy seun Ivan gesels oor die lewe. (1)**

**4.2 Gee 'n ANTONIEM vir die woord "ongeduldig" in RAAMPIE 1. (1)**

**4.3 Hoe weet ons dat Hägar dalk oor sy woorde gedink het voordat hy dit vir sy seun gesê het? (1)**

**4.4 Wat vertel Hägar se liggaamshouding ons in RAAMPIE 2? (1)**

**4.5 Skryf Hägar se woorde in die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.**

**Hägar sê vir sy seun: "Jy moenie so ongeduldig wees nie." (1)**

**4.6 Wat dink jy, sê Helga, Hägar se vrou, van hom? (1)**

**4.7 Skryf Ivan se woorde in RAAMPIE 2 oor in die VERLEDE TYD.**

**Is dit wat Ma bedoel? (1)**

4.8 Verbind die volgende sin met die VOEGWOORD in hakies. Begin soos aangedui.

Hägar gedra hom soos 'n kind. Helga sê hy moet grootword. (omdat)

Begin só: Omdat .... (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 4.9 A.

Wanneer Hägar by die huis kom, sal hy Helga konfronteer. Hy sal sê ...

A. "Vrou, moenie vir die kind sulke dinge sê."
B. "Vrou, moet nie vir die kind sulke dinge sê nie."
C. "Vrou, moenie sê vir die kind sulke dinge."
D. "Vrou, moenie vir die kind sulke dinge sê nie." (1)

4.10 Skryf die TEENWOORDIGE DEELWOORD in hakies korrek oor. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die twee (gesels) mense sit elk op 'n rots. (1)

**[10]**

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

5.1 Lees die tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

TEKS F

## SO MAKLIK SOOS STAP, STAP, STAP

Vanjaar is die jaar dat jy gaan verslank, neem jy jou voor, nes verlede jaar en die vorige een ...

Maar (5.1.1) (in plaas van) jou staal vir nog 'n "wonderdieet" en oefen tot die sweet jou aftap en jou spiere pyn, kan jy iets doen wat veel minder inspanning en wilskrag verg: (5.1.2) (Gaan stap 'n ent.)

Dis 'n ou, (5.1.3) (beproef) gesondheidsraad wat Sharad Naidoo (39), 'n fiksheidsinstrukteur van Kaapstad, herontdek het. Nie net het hy sy eie lewe reggeruk nadat hy in depressie en slegte eetgewoontes verval het nie; ook sy kliënte blom nou danksy dié (5.1.4) (eenvoudig) resep.
Bygesê: Jy moet reg stap en genoeg stap. (5.1.5) (Vir minstens drie uur per week moet jy flink stap) – nie te vinnig of te stadig nie – sodat jy die vet in jou liggaam stadig, maar seker verbrand.

Maar wat nou van jou eetplan? "Ek glo 'n mens het benewens proteïene genoeg koolhidrate nodig, genoeg vrugte, graan, aartappels en rys, wat die goedvoelhormone vrystel," sê Sharad. "Matige, gebalanseerde porsies."

En die goeie nuus is: (5.1.6) (Jy lekker eet kan), selfs poeding, solank jy net elke dag stap.

Van jongs af was Sharad sportief. Op skool in (5.1.7) (Oos Londen) het hy hom op provinsiale vlak in naellope onderskei, en (5.1.8) (enige sport van hokkie tot tennis muurbal pluimbal was sy kos).

Maar toe gee sy knieë op (5.1.9) (25) in en hy moes albei laat opereer. (5.1.10) (Hy het in die gimnasium begin oefen) om die spiere om sy knieë te versterk. En op 30 het hierdie verkoopsman van huishoudelike toebehore in sy familieonderneming besluit hy wil 'n fiksheidsinstukteur word.

Met 'n twee jaar lange kursus en 'n diploma gerugsteun deur die Universiteit van Pretoria, (5.1.11) (hyself en sy meisie was sy eerste proefkonyne) .

"Ons wou ons liggaamsvet verminder en het (5.1.12) (Ons moet 'n baie streng dieet volg) met min kilojoules en omtrent geen koolhidrate nie. Ons het natuurlik ook in die gimnasium geoefen, aërobiese klasse, gewigte, alles ...

Ons het wonderlik gelyk, maar ek dink die ewige (5.1.13) (gestoomde vis of hoender met groente het ons prikkelbaar gemaak) en ons het oor nietighede baklei."

En toe sy meisie hom los, het hy 'n (5.1.14) (breek) hart gehad en hy wou net opgee.

(Verkort en verwerk. Uit: *Huisgenoot*, 5 Januarie 2012, bladsy 22)

5.1.1 Gee die AFKORTING vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Maar (in plaas van) jou staal vir nog 'n "wonderdieet", stap eerder. (1)

**5.1.2 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING.**

**Gaan stap 'n ent! (1)**

**5.1.3 Gee die KORREKTE vorm van die VERLEDE DEELWOORD in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Dis 'n ou, (beproef) gesondheidsraad wat Sharad Naidoo (39), 'n fiksheidsinstrukteur van Kaapstad, herontdek het. (1)**

**5.1.4 VERBETER die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Ook sy kliënte blom nou danksy dié (eenvoudig) resep. (1)**

**5.1.5 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.**

**Vir minstens drie uur per week moet jy flink stap. (1)**

**5.1.6 VERBETER die WOORDORDE in die volgende sin. Skryf die sin weer oor.**

**Jy lekker eet kan. (1)**

**5.1.7 VERBETER die SPELFOUT van die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Op skool in (Oos Londen) het hy hom op provinsiale vlak in naellope onderskei. (1)**

**5.1.8 Vul die KORREKTE LEES-EN SKRYFTEKENS in die volgende sin in. Skryf die sin weer oor.**

**enige sport van hokkie tot tennis muurbal pluimbal was sy kos (1)**

**5.1.9 Skryf die GETAL uit in woorde. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Maar toe gee sy knieë op (25) in en hy moes albei laat opereer. (1)**

**5.1.10 Skryf die volgende sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.**

**Hy het in die gimnasium begin oefen. (1)**

**5.1.11 HERSKRYF die volgende sin met die VOEGWOORDE in hakies.**

**Hyself en sy meisie was sy eerste proefkonyne. (beide ... en) (1)**

**5.1.12 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF. Begin soos aangedui.**

**Ons moet 'n baie streng dieet volg.**

**Begin so: Ons behoort .... (1)**

**5.1.13 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.**

**Gestoomde vis of hoender met groente het ons prikkelbaar gemaak. (1)**

**5.1.14 Gee die korrekte vorm van die STERK VERLEDE DEELWOORD in hakies.**

**En toe sy meisie hom los, het hy 'n (breek) hart gehad en hy wou net opgee. (1)**

**5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.**

**TEKS G: PRENT**



**5.2.1 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Ek kan nie (belowe/glo) dat die kombuis so netjies is nie! (1)**

**5.2.2 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.**

**Hierdie gesin eet heerlike vrugte. (1)**

**5.2.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Daar is 'n klein (klok) teen die muur. (1)**

**5.2.4 Vul die ONTBREKENDE WOORD in die sin hieronder in. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Net onderkant die klok, vind ons 'n _____. (1)**

**5.2.5 Vul die INFINITIEF in die volgende sin in. Skryf net die nommer en die antwoord.**

**Ek hou daarvan _____ in die kombuis _____ eet. (1)**

**5.2.6 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.**

**Iemand moet vanaand kos kook. (1)**

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 80 PUNTE**